


“Ek maak alles nuut”



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 19:6–19; Johannes 14:1–3; II Thessalonicense 1:8–10; Openbaring 21:1–21; Jeremia 4:23–26; I Korinthiërs 6:2, 3.

Geheeteks:

“En Hy wat op die troon sit, het gesê: ‘Kyk, Ek maak alles nuut.’ En Hy het aan my gesê: ‘Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar.’” (*Openbaring 21:5*).

Die verwoesting van eindtyd-Babilon is slegte nuus vir diegene wat saam met hierdie afvallige godsdienssisteem gewerk het. Vir God se volk is dit egter goeie nuus (*Openbaring 19:1–7*). Babilon het die sekulêre politieke magte oorgehaal om God se volk te vervolg (*Openbaring 18:24*). Die vernietiging van hierdie groot teëstander beteken vir hulle bevryding en verlossing. Met die vernietiging van Babilon word die gebed van God se volk soos dit in die vyfde seël uitgebeeld word, uiteindelik beantwoord. Hulle geroep: “Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser ...?” verteenwoordig die geroep van God se verdrukke en lydende volk vanaf Abel tot en met die tyd wanneer God hulle finaal tot hulle reg sal laat kom (*Psalms 79:5; Habakuk 1:2; Daniël 12:6, 7*). Die Boek Openbaring verseker God se volk dat boosheid, verdrukking en lyding tot ‘n einde sal kom.

Die tyd het aangebreek vir Christus om sy ewigdurende koninkryk tot stand te bring. Die oorblywende hoofstukke van Openbaring beskryf nie net die verwoesting van eindtyd-Babilon nie, maar ook die vernietiging van Satan en alle boosheid. Daar word aan ons ‘n vlugtige blik van die oprigting van God se ewigdurende koninkryk gegee.

**Bestudeer hierdie week se les ter voorbereiding vir Sabbat, 30 Maart.*

Die bruilofsmaal van die Lam

Lees Openbaring 19:6–9 saam met Johannes 14:1–3. Die langverwagte vereniging van Christus met sy volk word deur ‘n bruilof geïllustreer. Hoe toepaslik is dit?

In hierdie verse hierbo gebruik die Here beelde uit die antieke Joodse bruilofgewoontes om aan ons waarhede duidelik te maak. Die aanstaande bruidegom het na die huis van die aanstaande bruid gegaan om trou te belowe. Nadat hy die bruidskat betaal het, was die paartjie as getroud aanvaar, maar hulle kon nog nie saamgebly het nie. Die bruidegom het na sy vader se huis teruggekeer om ‘n plek vir hom en sy bruid te berei. Die bruid het by haar vader se huis gebly om haarself voor te berei. Nadat die voorbereidings voltooi was, het die bruidegom teruggekeer om sy bruid na sy vader huis te neem waar die bruilofsmaal sou plaasvind.

Tweeduisend jaar gelede het Christus sy hemelse huis verlaat om aan sy bruid op aarde te kom trou belowe. Nadat Hy met sy lewe die bruidskat by Gólgota betaal het, het Hy na sy Vader se huis teruggekeer om vir sy bruid “plek te berei” (*sien Johannes 14:2, 3*), terwyl sy op die aarde agtergebly het om haarself voor te berei. Aan die einde van tyd sal Hy terugkom om haar na sy Vader se huis te neem. Openbaring 19:8 verklaar dat Johannes gesien het dat fyn en rein linne aan die bruid van Christus gegee was. Dit toon dat God se volk geen verdienste vir hulle eie dae vir hulself sal kan toe-eien nie. Die klere van God se volk verteenwoordig “die regverdige dae van die heiliges”, dae wat die resultaat van hulle verbintenis met Christus wat in hulle woon, is. Hierdie klere was in die bloed van die Lam gewas (*Openbaring 7:14*). Terwyl Hy op aarde was, het Jesus ‘n gelykenis oor ‘n bruilof vertel. Maar, een van die gaste het verkies om sy eie klere in plaas van die bruilofskleed wat deur die koning voorsien was, te dra, en hy was uit die bruilofsmaal uitgewerp (*Matt. 22:8–14*).

Openbaring 3:18 toon dat die kleed wat deur Christus voorsien word, God se volk se grootste behoefte aan die einde van tyd sal wees. Jesus se aanbod aan die Laodicense om hierdie kleed van Hom te “koop”, toon dat Hy vir iets vra in ruil vir wat Hy aan hulle bied. Ons bied ons selfvoldaanheid en selfvertroue aan in ruil vir ‘n lewe van getroue gehoorsaamheid aan Christus en vertroue op sy verdienstes, en dit is ons enigste hoop op verlossing.

Ons word nie deur ons werke gered nie, maar watter “regverdige dae” doen jy wat help om die lewe wat jy leef, te definieer?

Armageddon eindig

Lees Openbaring 19:11–16. Wat sê Christus se naam, “Die Woord van God” (*Openbaring 19:13*), en die feit dat daar ‘n skerp swaard uit sy mond gaan, oor die aard van die finale botsing?

Ons sien hier ‘n uitbeelding van Christus se Tweede Koms, die vervulling van die belofte waarna die gelowiges in alle eeue verlang het om te gebeur. Let op na die taal: dit beskryf oorwinning. Jesus het Satan in die hemel oorwin; Hy het Satan in die woestyn oorwin; Hy het hom op die kruis oorwin; en Hy sal hom met sy Wederkoms oorwin.

“Kort daarna verskyn daar in die Ooste ‘n klein swart wolkie omtrent so groot as ‘n man se hand. Dit is die wolk rondom die Heiland en wat in die verte lyk asof dit in duisternis gehul is. Die volk van God weet dat dit die teken van die Seun van die mens is. In plegtige stilte staan hulle en kyk terwyl dit nader aan die aarde kom en steeds ligter en heerliker word totdat dit naderhand ‘n groot wit wolk is, die onderkant daarvan lyk soos ‘n verterende vuur en daar bo-oor is die reënboog van die verbond. Jesus ry voort soos ‘n magtige oorwinnaar. Nou is Hy nie meer die “man van smarte” om die beker van skande en ellende te drink nie; Hy kom nou as oorwinnaar van hemel en aarde om die lewende en die dode te oordeel. ‘Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.’ ‘En die leërs in die hemel het Hom gevolg.’ Openbaring 19:11,14. Met hemelse lofliedere vergesel die engele Hom – ‘n leërskare van engele wat ontelbaar is. Die uitspannel is bedek met heerlike gedaantes – tienduizendmaal tienduizend en duisende van duisende. Geen pen kan die toneel beskryf nie; geen mense verstand kan die heerlikheid beseef nie. . . .’ — Ellen G. White, *Die Groot Stryd*, bl. 641.

In II Thessalonicense 1:8–10 gee Paulus nog ‘n beskrywing van die beslissende oorwinning van Christus met die Tweede Koms wanneer al die sekulêre en godsdienstige magte wat teen Hom saamgesweer het, vernietig sal word, en sy volk vir ewig verlos sal word.

Openbaring 19 beskryf twee maaltye, een in vers 9, en ‘n ander een in verse 17 en 18. By die een maaltyd eet jy, by die ander een word jy geëet. Dit is uiters moeilik om aan ‘n treuriger kontras as hierdie in die ganse groot stryd te dink, met so baie op die spel vir elke mens. Wat behoort hierdie beeldspraak ons te leer oor hoe ernstig ons ons geloof moet opneem, en ook die sendingdeelname wat ons geloof van ons vereis?

Die millennium

Lees Openbaring 20:1–3 saam met Jeremia 4:23–26. In watter toestand is die aarde gedurende die millennium? Op watter manier word Satan met ‘n ketting vasgebind?

Die 1,000 jaar (of millennium) begin met die Wederkoms van Christus. Dan word Satan en sy gevalle engele vasgeketting. Die vasbind van Satan is simbolies, want geestelike wesens kan nie fisies vasgebind word nie. Satan word deur omstandighede gebind. Die plaë het die aarde verlate gemaak en ontvolk, en dit in ‘n chaotiese toestand soos voor die Skepping, gelaat (*Génesis 1:2*). In so ‘n toestand word dit Satan se tronk gedurende die millennium. Omdat daar geen mense is om te verlei en kwaad aan te doen nie, kan Satan en sy bese medepligtiges net oor die gevolge van hulle opstand teen God, nadink.

Lees Openbaring 20:4–15. Waar is die heiliges gedurende die millennium?

Openbaring dui aan dat God se volk die millennium in die hemelse wonings wat Christus vir hulle voorberei het, gaan deurbring. Johannes sien hoe hulle op trone as konings en priesters sit om die wêreld te oordeel. Jesus het die dissipels belowe dat hulle “ ‘op twaalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel’ ” (*Matthéüs 19:28*). Paulus het verklaar dat die heiliges die wêreld sal oordeel (*I Korinthiërs 6:2, 3*).

Hierdie oordeel het met die regverdigheid van God se handeling te doen. Dwarsdeur die geskiedenis het Satan God se karakter en sy handeling met die wesens wat Hy geskep het, betwis. Gedurende die millennium laat God toe dat die verlostes die rekords van die geskiedenis nagaan om antwoorde te vind op al die vrae oor die regverdigheid van sy besluite oor die wat verlore gegaan het, sowel as vrae oor hoe Hy in hulle eie lewens gelei het. Aan die einde van die millennium is al die vrae oor God se regverdigheid vir ewig beantwoord. God se volk sien dan dat Satan se beskuldigings sonder twyfel ongegrond is. Hulle is nou gereed om getuies te wees van God se regverdige optrede tydens die finale oordeel.

Wie onder ons het nie vrae nie, moeilike vrae, waarvoor daar nou geen antwoorde blyk te wees nie? Wat vertel dit aan ons oor die karakter van God wat eendag aan ons daardie antwoorde sal gee?

“’n Nuwe hemel en ‘n nuwe aarde”

Na die uitwissing van sonde sal die aarde in ‘n tuiste vir die verlostes omskep word. Hoe sal dit lyk? In Openbaring 21:1 sien Johannes “ ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde”. Die Joodse volk het verstaan dat daar drie hemele bestaan: die lug of uitspannel van die aarde, die sterrehemel, en die plek waar God woon (*sien II Korinthiërs 12:2*). In Openbaring 21:1 word daar na die aarde se atmosfeer verwys. Die besoedelde aarde en die uitspannel kan nie God se teenwoordigheid verduur nie (*Openbaring 20:11*). Die woord nuut in Grieks (*kainos*) verwys na iets nuuts wat nuwe kwaliteit het, nie na oorsprong en tyd nie. Hierdie planeet sal deur vuur gelouter word en in sy oorspronklike toestand herstel word (*II Petrus 3:10–13*).

Wat veral interessant is, is dat die eerste ding wat Johannes op die nuwe aarde sien, is dat daar geen see is nie. Die feit dat Johannes na “die see” verwys (met die as ‘n bepalende lidwoord) toon dat hy heelwaarskynlik na die see wat hom op Patmos omring het, verwys het, en wat ‘n simbool van afsondering en lyding geword het. Die afwesigheid van die see op die nuwe aarde het vir hom die afwesigheid van pyn en lyding beteken.

Lees Openbaring 21:2–8 en 7:15–17. Watter ooreenkomste is daar in die beskrywing van die nuwe aarde en die Tuin van Eden in Génesis 2?

‘n Lewe vry van lyding en dood op die herstelde aarde word deur God se teenwoordigheid onder sy volk, gewaarborg. Hierdie teenwoordigheid, “die tabernakel van God” (*Openbaring 21:3*), word in die Nuwe Jerusalem geopenbaar, waar God tussen sy volk sal wandel. Die teenwoordigheid van God maak die lewe op die herstelde aarde soos ‘n tempel. God se teenwoordigheid waarborg vryheid van lyding: geen trane, dood, hartseer, gehuil, of pyn, wat alles die gevolge van sonde is. Met die uitwissing van sonde het die “ ‘eerste dinge ... verbygegaan’ ” (*Openbaring 21:4*). Hierdie gedagte was duidelik deur Maria en Martha uitgespreek toe hulle broer, Lazarus, gesterf het: “ ‘Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie’ ” (*Johannes 11:21, 32*). Die susters het geweet dat die dood nie in die teenwoordigheid van Christus kon bestaan nie. Net so sal die ewige teenwoordigheid van God op die nuwe aarde ons van die pyn en lyding wat ons nou hier ondervind, vrywaar. Dit is die groot hoop wat in Christus aan ons belowe word, ‘n hoop wat in sy bloed verseël is.

Hoekom is hierdie belofte van ‘n nuwe bestaan in ‘n nuwe wêreld die kern van alles wat ons glo? Wat sal ons geloof sonder dit werd wees?

Die nuwe Jerusalem

Die hoofstad van die nuwe aarde, die nuwe Jerusalem, word volgende deur Johannes beskryf. ‘n Regte plek waar regte mense woon - die nuwe Jerusalem en die lewenswyse in die stad kan nie met aardse begrippe beskryf word nie (sien I Korinthiërs 2:9).

Lees Openbaring 21:9–21. Hoe lyk die nuwe Jerusalem van buite?

Daar word na die nuwe Jerusalem as die bruid, die vrou van die Lam, verwys. In Openbaring 19:7, 8 word hierdie metafoer op God se volk toegepas. Die nuwe Jerusalem is die plek waar Christus uiteindelik met sy volk verenig sal word. Daar is ‘n hoë muur met twaalf poorte rondom die stad – drie poorte aan elk van die vier kante, wat die stad vanaf enige rigting toeganklik maak. Dit dui op die universele toeganklikheid tot die stad. In die nuwe Jerusalem het almal onbeperkte toegang tot God se teenwoordigheid.

Die stad word verder as ‘n perfekte kubus uitgebeeld; dit is 12,000 *furlongs* of *stadia* (‘n ou Griekse afstandmaat) in lengte, wydte, en hoogte. Die kubus bevat 12 randte. Die totale maat van die stad is dus 144,000 stadia, die getal wat die totaliteit van God se verlore volk deur al die eeue heen, voorstel (*Openbaring 7:4*). In die Ou Testament se tempel was die Allerheiligste ‘n perfekte kubus (*I Konings 6:20*). Die nuwe Jerusalem dien dus nie net as die tempel nie, maar ook as die Allerheiligste. Net die hoëpriester kon in die aardse tempel se Allerheiligste vertrek ingegaan het. In die nuwe Jerusalem sal hierdie voorreg aan al die verlosses toegestaan word.

Lees Openbaring 21:21–22:5. Wat van die binnekant van die stad herinner jou aan die Tuin van Eden? Wat beteken die verklaring dat daar geen enkele vervloeking meer in die stad sal wees nie (*Openbaring 22:3*)?

Die mees prominente kenmerk van die nuwe Jerusalem is die rivier van die water van die lewe wat uit God se troon uitvloei (*sien Génesis 2:10*). In teenstelling met die rivier in Babilon waar God se volk as gevangenes gesit en verlang het na Jerusalem (*Psalms 137*), vind God se swerwersvolk van al die eeue nou hulle tuiste op die walle van die rivier van die lewe in die nuwe Jerusalem. Aan beide kante van die rivier is die boom van die lewe en die blare van die boom is tot “genesing van die nasies” (*Openbaring 22:2*). Hierdie genesing verwys nie na siektes nie, want op die nuwe aarde sal daar geen siektes wees nie. Dit verwys na die genesing van al die wonde wat deur skeuringe onder mense oor grense heen deur al die eeue veroorsaak was. Die verlosses van al die eeue en van alle nasies behoort nou aan die een familie van God.

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White, “Die Verwoesting van die Aarde,” bl. 653–661; “Die Stryd Beëindig,” bl. 662–678, in *Die Groot Stryd*. Die Boek Openbaring word afgesluit met wat aan die begin van die boek genoem was: die Tweede Koms van Christus in krag en heerlikheid, en die totstandkoming van God se ewige koninkryk. Die wederkoms van Christus, wanneer Hy uiteindelik met sy bruid verenig sal word, is die klimaks van die boek. Maar, die boek plaas nie hierdie gebeurtenisse in ‘n onrealistiese konteks nie. Dat Jesus binnekort gaan kom, is die eerste werklikheid. Die tweede werklikheid is dat ons nog op sy terugkeer wag. Terwyl ons wag, moet ons ‘n duidelike begrip van die boodskappe van Openbaring hê, en dit kan ons net bekom deur dit weer en weer te lees totdat die einde van alle dinge kom. Terwyl ons wag, herinner die boodskappe van Openbaring ons voortdurend om nie na die dinge van die wêreld te kyk nie, maar om ons oë op Hom, ons enigste hoop, gevestig te hou. Die Christus van Openbaring is die antwoord op alle menslike hoop en verlangens te midde van die raaisels en onsekerhede van die lewe. Hy hou die toekoms van hierdie wêreld en ons toekoms, in sy hande. Die boek herinner ons ook dat voordat die einde kom, die taak om die boodskap van sy spoedige koms aan die hele wêreld te verkondig, aan ons toevertrou is. Ons moet aktief en nie passief op sy terugkeer wag nie. Beide die Gees en die kerk roep uit: “‘Kom!’” (*Openbaring 22:17*). Ons moet ook deel van hierdie oproep wees. Dit is die goeie nuus en moet so aan die mense van die wêreld verkondig word.

Vrae vir bespreking:

1. Dink na oor die millennium en die oordeel wat eers na die millennium plaasvind. Wat leer dit ons oor God wat, nadat die verlostes ‘n duisend jaar lank tyd gehad het om al hulle vrae beantwoord te kry, Hy dan eers die verlorenes sal straf?
2. Openbaring 1:3 belowe seëninge aan hulle wat luister, lees, oplet, en die woorde van die profesieë bewaar. Terwyl ons aan die einde van die studie van hierdie boek kom, watter dinge het jy ontdek waarna jy moet oplet en wat jy moet onderhou?